Orion Minerals

GEMEENSKAP

# MYNuusblad

Desember 2025



## Feestyd boodskap van ons Besturende Direkteur en Uitvoerende Hoof

**Soos ons die einde van die jaar bereik, wil ek ons gasheergemeenskappe opreg bedank vir u voortgesette ondersteuning terwyl ons werk om die Prieska Koper-Sinkmyn en die Okiep Koperprojek te ontwikkel. U samewerking en betrokkenheid beteken baie, en dit help ons om 'n volhoubare middelpunt vir basis-metaalproduksie in die Noord-Kaap te vestig.**

Ons is verbind tot verantwoordelike mynpraktyke wat nie net groei en voorspoed bevorder nie, maar ook die gemeenskappe waarin ons werksaam is te bemagtig.

As ons vooruitkyk na 2026 sien ons uit om belangrike stappe te neem om eerste produksie by hierdie wêreldklas bates te bereik en sal aanhou om u op hoogte te hou. Ons sal voortgaan om saam met u te werk om belangrike sosio-ekonomiese ontwikkeling en entrepreneurskapgeleenthede te skep.

*Van ons almal by Orion Minerals: Ons wens ons u en u families 'n vreugdevolle, veilige en rustige feestyd toe.*

**Tony Lennox**
Besturende Direkteur en Uitvoerende Hoof

## Bly veilig

**As 'n mynmaatskappy is veiligheid ons eerste prioriteit. Sluit by ons aan deur veilig te bly en uit te kyk vir mekaar met 2026 om die draai.**

## Belangrike prestasies vir Orion in 2025

Gedurende die jaar het ons omvattende haalbaarheidsstudies vir beide die Prieska Koper-Sinkmyn en die Okiep-projek gepubliseer. Ons het intussen na die uitvoeringsfase vir ons vlagskipprojek, Prieska, beweeg, terwyl optimaliseringswerk by Okiep aan die gang is.

In Mei het ons die voorreg gehad om Minister Gwede Mantashe by Prieska te verwelkom. Dis 'n myn wat vir hom spesiaal is, omdat hy daar van 1975 tot 1983 gewerk het.

Die grootste hoogtepunt van die jaar was die ondertekening van 'n nie-bindende finansierings- en afname-ooreenkoms met Glencore in September. Sedertdien fokus ons op die omsigtigheidsproses en hoop om binnekort 'n bindende ooreenkoms te finaliseer.

**Volg ons sosiale media-bladsye vir die nuutste opdaterings.**

